

# Inspeksiedienste: Hou koste laag

**Inspeksiedienste vir graan en oliesade is 'n uitgemaakte saak. Daar moet deursigtigheid wees met tariefbepaling sodat die diens kostedoeltreffend gelewer kan word.**

Dit is 'n wetlike vereiste dat graan en oliesade kragtens die Wet op Landbouproduk-standaarde (Wet 119 van 1990) geïnspekteer moet word. Inspeksiedienste is reeds op ander sektore van toepassing. Die wet magtig die direkteur-generaal van die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling om 'n mens of instelling met kennis van die landbouproduk aan te wys om inspeksies namens die departement te doen.

Die inwerkingstelling van 'n doeltreffende inspeksiediens vereis dat só 'n diens ook aan die verwagtinge van die bedryf voldoen. Dit is daarom belangrik dat 'n konsultasieproses oor die aspekte wat die bedryf raak, soos die vasstelling van tariewe deur die gevolmagtigde wat die inspeksies doen, gevolg word sodat die bedryf en die department daaroor ooreen kan kom.

## BEDRYFSVERWAGTINGE

Inspeksiedienste moet so kostedoeltreffend en regverdig as moontlik uitgevoer word.

Die metode wat 'n gevolmagtigde gebruik om inspeksietariewe te bepaal, behoort vir alle belanghebbendes duidelik uiteengesit te word. Soortgelyke inspeksies word reeds deur instellings soos die JSE, banke, opbergers en verwerkers in die private sektor uitgevoer.

Dit verseker dat die gegradeerde voorraad in opberging op balansstate reg reflekteer sodat dit na waarde kan verhandel en in ooreenstemming met die Wet op Landbouprodukstandaarde gegradeer word.

Bykomende frekwensies vir inspeksie kan tot bykomende koste lei, wat nie vir die bedryf aanvaarbaar is nie.

Die bestaande inspeksietariewe wat die instellings hef, is bekend. Sagis doen soortgelyke oudits teen 'n minimale koste om te verseker dat die rapportering van graanvloei vir markinligtingsdoeleindes reg geskied.

Elke kommoditeit – hetsy mielies of koring – vereis 'n unieke aantal frekwensies per tydperk, aangesien die volume geproduseer en aantal grade tussen kommoditeite verskil.

Die frekwensie van inspeksie kan nie dieselfde vir elke kommoditeit wees nie, want dan begin sekere kommoditeite ander kommoditeite se inspeksietariewe subsidieer.

Van die belanghebbendes voel sterk dat tariewe slegs gehef moet word waar die inspeksie uitgevoer word, anders sal die inspeksie geen waarde hê vir die individu of maatskappy wat daarvoor betaal nie. 'n Bestaande gevolmagtigde in die vleisbedryf hef 'n statutêre heffing om die inspeksiediens te finansier, maar faktureer die geïnspekteerde per diens gelewer. Dié benadering hou die koste vir die bedryf per eenheid kg of ton laag, en verseker dat die geïnspekteerde entiteit waarde uit die inspeksie kry.

Die inspeksietariewe wat op kommoditeite soos onverwerkte grane en oliesade ingewin word, behoort nie die inspeksietariewe op verwerkte produkte vir menslike en dierlike verbruik te subsidieer nie. Dit kan maklik gebeur dat inspeksies gedupliseer word. Daarom vereis die bedryf dat inspeksiepunte duidelik omskryf word.

Enige tarief se struktuur en die berekening daarvan moet deursigtig en in oorleg met bedryfsbelanghebbendes wat die onderskeie sektore verteenwoordig, bepaal word. As nie aan die vereiste voldoen word nie, kan hersiende tariewe nie vir die volgende bemarkingsjaar vasgestel word nie. Dit is 'n bekende praktyk wat met die hersiening van heffings in die graan- en oliesadesektor gevolg word.

Inspeksiedienste se uitgawes moet op 'n koste-verhalingsbasis gedoen word en nie op 'n winsbejag-basis nie. Periodieke aanpassings in inspeksietariewe behoort beperk te wees tot aanvaarde norme vir inflasie wat met kostetoenames in die bestaande inspektorate van die staatsdiens vergelyk.

Belanghebbendes in die graan- en oliesadesektor wat aan die wet se vereistes voldoen, behoort ook minder gereeld geïnspekteer te word om die inspeksiediens se koste op die bedryf te minimaliseer. Die belanghebbendes gaan reeds koste aan om aan die wet te voldoen. Entiteite wat nie aan die vereistes van die wet voldoen nie, behoort gereelder geïnspekteer te word.

Dit is vir belanghebbendes in die onderskeie sektore en organisasies wat produsente, opbergers, handelaars, meulenaars, veevoervervaardigers en die eindverbruiker verteenwoordig, belangrik dat 'n inspeksiediens doeltreffend, maar met die laagste koste-impak vir almal in die waardeketting ingestel word. Die vereistes om tot 'n vergelyk te kom, is dus verstaanbaar en die verwagting is dat die departement dit ondersteun en insien.

## ANDER VEREISTES

Die bedryf vereis verder 'n ooreengekome dispuutprosedure, dat inspeksies inklusief moet wees, nie bestaande infrastruktuur en dienste dupliseer nie, aan bedryfstandaarde en beste praktyke voldoen, en dat die private sektor gerusstelling kry dat oorsig van die inspeksiediens voldoende sal wees en bevredigend gemonitor sal word.

## SLOTSOM

Die toepassing van 'n inspeksiediens in die graan- en oliesadesektor is 'n uitgemaakte saak. Die bedryf sal probeer verseker dat inspeksies met oorsig en in noue samewerking tussen die private sektor en die departement uitgevoer word. Belanghebbendes in die bedryf het nie aptyt vir inspeksies wat op 'n winsbejag-basis gelewer word nie. Belanghebbendes moet aansluit by die organisasies wat hul belange beskerm. Ondersteun diegene met jou lidmaatskapbydrae. Dit is die regte ding om te doen. LBW

*Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain.*